# HOËRSKOOL PORTERVILLE

OP DIE VOORPUNT

# PROSPEKTUS 2026

**Mnr. Cobus Louw**
Skoolhoof

**Mev. Trieneke Theron**
Waarnemende Adjunkhoof

BASSONSTRAAT 8
PORTERVILLE
6810

TEL: (022) 931 2174
FAKS: (022) 931 3321
E-POS: sekretaresse@porterhs.co.za

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

# PROSPEKTUS 2026

Hoërskool Porterville

## INHOUDSOPGAWE:


1. Leuse van die skool
2. Visie
3. Missie
4. Skoollied
5. Stigting
6. Skooltye
7. Skoolfonds
8. Koshuis
9. Hand- en Skryfboeke
10. Vakke
11. Buitemuurse Aktiwiteite
12. Huishoudelike Reëls
13. Skooldrag
14. Dissipline
15. Geen-Selfoonbeleid
16. Ouer Kommunikasie

# 1. Leuse van die skool

Op die Voorpunt.

# 2. Visie

Om 'n inrigting van uitnemendheid te wees waarop ouers, leerders en opvoeders trots kan wees en waar gebalanseerde jongmense ontwikkel word.

# 3. Missie

Ons streef daarna om 'n vooruitstrewende leerorganisasie met 'n Christelike karakter te wees wat toekomsgerigte, relevante onderwys bied aan lewensblye, gedissiplineerde en betrokke leerders (met visie) deur 'n doelgerigte en werktevrede onderwyskorps met die hulp van 'n betrokke gemeenskap.

Ons missie kan as volg saamgevat word:

- **Vooruitstrewende skool**
- **Christelike karakter**
- **Toekomsgerigte en relevante onderwys**
- **Lewensblye, gedissiplineerde en betrokke leerders**
- **Doelgerigte en werktevrede onderwyskorps**
- **Betrokke gemeenskap**

# 4. Skoollied

Waar ryp geel graan in die winde speel
Bloue lug ons berge streel
speel en werk ons, speel en werk ons
Kinders van die HSP
Werk en streef ons, werk en streef ons
Kinders vrolik vry en bly -
Na 'n toekoms groot en vry.

## 5. Stigting

**1863**
Die dorp Porterville kom tot stand.

**1869**
Die eerste "skoolgeboutjie" word gebou.

**1870**
Die skool open op 20 Januarie met inskrwyingstal van 113: 41 seuns en 72 meisies.

**1894**
Die tweede skoolgebou, oorkant die markplein, word betrek: 'n kerksaal met klaskamers daaraan vas. Dit is die eerste hoërskool.

**1911**
Die Driegewelskool op die bult (waar Lapa Munnik-hospitaal vandag staan) is gereed om betrek te word en op 19 Julie trek mnr. HJ van der Spuy en leerlinge hierheen uit die tweede skoolgebou (waar die huidige versekeringskantore staan). Die heel kleintjies, substanderds A en B en standerds 1 en 2, bly tot 1930 in die tweede gebou (Voorbereidende Skool) Die derdeklasskooltjie is nou reeds 'n primêre skool.

**1917**
Die skool word na 'n sekondêre skool opgegradeer.

**1920**
Die skool word nou 'n hoërskool - Hoërskool Porterville.

## 6. Skooltye

**Graad 1-12**
07:30 - 14:00

## 7. Skoolfonds

Skoolfonds vir 2026 beloop **R18 100 per leerder per jaar** soos goedgekeur deur ouers teenwoordig tydens die begrotingsvergadering op 11 November 2025.

**OPSIE 1 (10 maande)**

• R1 810 vanaf Januarie 2026 tot Oktober 2026 vooruitbetaalbaar.

**OPSIE 2 (11 maande)**

• R2 100 vir Januarie 2026 EN R1 600 vanaf Februarie tot November 2026 vooruitbetaalbaar.

Aftrekorders moet direk by die bank gereël word en die eerste betaling moet gedurende Januarie plaasvind. Die skool se bankbesonderhede vir ALLE betalings is as volg:

| | |
|---|---|
| Bank: | ABSA, Porterville |
| Takkode: | 334407 |
| Rekeningnommer: | 2100390046 |
| Rekeningnaam: | Hoërskool Porterville |
| Tipe Rekening: | Tjekrekening |

## 8. Koshuis

Losiesgeld vir 2026 beloop **R7 500 per kwartaal (R30 000 per jaar) per leerder** soos goedgekeur deur ouers teenwoordig tydens die begrotingsvergadering op 11 November 2025. Dit is streng vooruitbetaalbaar. Geen leerder sal tot die koshuis toegelaat word indien sy/haar koshuisfooie nie betaal is nie. 'n Deposito van R1 500 is betaalbaar met toelating wat deel vorm van die totale losiesgeld.

- R7 500 per kwartaal vooruitbetaalbaar.

Aftrekorders moet direk by die bank gereël word en die eerste betaling moet gedurende Januarie plaasvind. Die skool se bankbesonderhede vir ALLE betalings is as volg:

| | |
|---|---|
| Bank: | ABSA, Porterville |
| Takkode: | 334407 |
| Rekeningnommer: | 2100390046 |
| Rekeningnaam: | Hoërskool Porterville |
| Tipe Rekening: | Tjekrekening |

# 9. Hand- en skryfboeke

Alle handboeke word aan die leerders verskaf. 'n Vervangingsfooi van R300.00 per boek is betaalbaar indien die leerder 'n boek verloor of verniel sodat dit nie weer gebruik kan word nie. Alle handboeke moet aan die skool terugbesorg word aan die einde van die skooljaar of indien die leerder die skool verlaat. Daar mag van die leerder verwag word om sommige voorgeskrewe taalboeke en by sekere vakke 'n werkboek, aan te skaf soos deur die vakopvoeder met hul gekommunikeer. Nuwe boeke is ten volle betaalbaar by ontvangs. Geen handboek sal aan 'n leerder uitgereik word indien die vorige jaar se boeke nie ingehandig is nie. Leerders moet hulle eie SKRYFBOEKE aankoop.

# 10. Vakke

**Graad 1 - 9:**
Verpligte vakke soos voorgeskryf deur die Departement. Landboustudies en Verbruikerstudies is ingefaseer vir Graad 8 in 2024 en in 2025 vir Graad 9. Dit vervang Skeppende Kunste en Tegnologie.

**Graad 10 - 12:**
Vakkeusevorms is by die HS Departementshoof (Me. Ninien Saayman) beskikbaar.
Verpligte vakke: Afrikaans Huistaal, English FAL & Lewensoriëntering.
Rekenaartoepassingstegnologie sal vanaf 2026 ook in Groep 6 as opsie beskikbaar wees vir Graad 10. Sien keusevakke hieronder:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Groep 4** | **Wiskunde** | **Wiskundige Geletterdheid** | - | - |
| **Groep 5** | **Rekenaartoepassings -tegnologie (RTT)** | **Fisiese Wetenskappe** | **Toerisme** | **Landbou Tegnologie** |
| **Groep 6** | **Lewenswetenskappe** | **Ingenieursgrafika- en Ontwerp (IGO)** | **Besigheidstudies** | **Rekenaartoepassings -tegnologie (RTT) (Slegs Graad 10 2026)** |
| **Groep 7** | **Rekeningkunde** | **Verbruikerstudies** | **Geografie** | **Landboubestuurs- praktyke** |

# 11. Buitemuurse Aktiwiteite

**SPORT**

GEAFFILIEERDE SPORTSOORTE:

| SOMERSPORTE | WINTERSPORTE |
|---|---|
| Atletiek | Netbal |
| Krieket | Rugby |
| Swem<br>(Ook professionele afrigting teen vergoeding) | Gholf |
| Tennis<br>(Ook professionele afrigting teen vergoeding) | Skaak |
| Tweekamp | |
| Skaak | |
| Gholf | |

**KULTUUR**

Redenaars, VCSV, Olimpiades, Algemene kennis, Skoolkoerant (Kontak), Eisteddfod (Laerskool Olifantsvallei en Wes-Boland), Musiek (klavier, klawerbord, blokfluit), Dramaklub, ATKV, Hoërskoolkoor (Gr. 7 – 12).

**ANDER**

Noodhulp. Noodhulpopleiding geskied by die skool. Leerders kan ook Boksmart opleiding elektronies voltooi. Prakties geskied tydens tuiswedstryde.
Cheerleading. Aanlyn Eisteddfod/kunswedstryde.

# 12. Huishoudelike Reëls

## 12.1. VOORKOMS VAN LEERDERS: SEUNS

**Hare:**

- 'n Netjiese haarstyl wat by skooldrag pas, word vereis.
- Hare aan die kant van die kop mag nie langer as 2cm oorskry nie.
- Hare mag ook nie oor die ore hang nie. Indien hare aan die kant van die kop geskeer word, moet dit geleidelik geskeer word op só 'n manier dat die haarlengte ooreenstem met die lengte bo-op die kop.
- Agter moet die hare kort wees en nie in "trappe" gesny word nie.
- Die lengte van kuiwe mag nie die wenkbroue oorskry wanneer dit uitgekam is nie.
- Hare bo-op die kop moet nie langer as 6cm wees nie.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Geen onnatuurlike patrone mag in die hare gesny word nie. Dieselfde reël is van toepassing op wenkbroue.

**Skeer:**

- Seuns moet ten alle tye netjies geskeer wees, anders sal hulle by die skool aangesê word om dadelik te skeer.
- Wangbaarde ("sidies") moet gelyk met die oorgat geskeer word.

**Lapelwapens:**

- Slegs wapens wat deur die skool toegeken word, mag gedra word.

**Sokkies:**

- SLEGS grys skoolsokkies met skoolkleure/strepe.

**Truie:**

- Truie mag nie sonder die skoolbaadjie gedra word nie.
- Truie mag nie om die skouers of heupe gedra word nie.
- Truie is korrek (deur beide arms) aangetrek of gebêre in jou skooltas.
- Truie mag nie verder as die polsgewrig hang nie. Dus nie oor die hande getrek nie.

Indien 'n leerder nie aan die voorgeskrewe reëls voldoen nie, sal 'n tydperk van twee dae gegee word vir hare om gesny te word. Geen uitsonderings word gemaak vir ongeskeerde baarde nie. Indien 'n leerder weier, sal die nodige stappe geneem word volgens die skool se Gedragskode.

# 12. Huishoudelike Reëls (vervolg)

**VOORKOMS VAN LEERDERS: DOGTERS**

**Algemene haarreëls:**

- Hare moet ten alle tye netjies uitgekam, geborsel en/of vasgemaak wees.
- Die kuif mag nie in die oë hang nie. Dit mag nie aan die wenkbroue raak nie. As die kuif langer is, moet dit vasgemaak word met 'n rekkie of met knippies.
- Hare mag nie aan die skoolrok of skoolhemp se kraag raak nie. As dit langer is, moet dit netjies vasgemaak word in poniesterte, vlegsels en of bolla's met die voorgeskrewe rekkies en knippies.
- Haarrekkies: Dit mag wit, swart of donkerblou (navy) wees.
- Linte: Dit mag geel, maroen of donkerblou (navy) wees. Beskikbaar by HSP Snoepie vanaf 2026.
- "Scrunchies" is toelaatbaar in wit, navy en swart.
- Kopbande: Dit mag wit, swart of donkerblou (navy) wees.
- Haarknippies: Dit mag donkerblou (navy), silwer of bruin wees. Geen haarknippe of knippe met strikke nie. Slegs strik met HSP wapen/Bul-logo op (by Bulstoor beskikbaar) word aanvaar.
- "Bob" haarstyl mag gedra word, solank hare nie aan kraag van skoolrok of skoolhemp raak nie. Dra van 'n kopband is verpligtend saam met 'n "bob" haarstyl.
- Afrikavlegsels is toelaatbaar - mits dit netjies vasgemaak is in EEN poniestert. Die rekkies moet ook die voorgeskrewe kleure wees.
- Maksimum van TWEE poniesterte mag gedra word.

**Kleur van hare:**

- Hare mag nie meer as EEN skakering donkerder of ligter gekleur word nie. As die hare uitgroei mag dit nie sigbaar wees nie.
- Hare mag nie snaakse of verskillende kleure gekleur word nie.
- Indien haarkleur meer as EEN kleur donkerder of ligter gekleur is, of uitgroei sodat haarwortels wys, moet dit dadelik teruggekleur word na die oorspronklike kleur.
- GEEN gekleurde haarstukke mag in die hare wees nie.

**Juwele:**

- Horlosies, "Medic Alert"-bandjie, oorringetjies of oor"studs" mag gedra word.
- Oorringetjies: Maksimum van 1cm in deursnee.
- Oor"studs": Klein knopie van minder as 5mm in deursnee. Slegs goud of silwer. Geen gekleurde stene, diamante of pêrels word toegelaat nie.
- Oorringetjies of –"studs" moet in die onderste gaatjie gedra word. Daar mag slegs EEN in elke oor gedra word. Dit mag ook NET in die oor gedra word.
- Daar mag GEEN ander ringetjies of "studs" op jou liggaam sigbaar wees nie. Ook nie tydens enige ander skool aktiwiteite nie.
- GEEN ringe en of armbande mag gedra word nie. Bulle "studs" en WWJD-bandjie is aanvaarbaar.

# 12. Huishoudelike Reëls (vervolg)

**Grimering:**

- GEEN onderlaag, oogskadu, oogpotlood, maskara, lipomlyner of lipstiffie mag gedra word nie.
- Leerder mag "lip gloss" of ander lipbevogtiger dra, mits dit deurskynend is.
- Leerders se wenkbroue mag nie ingekleur wees nie. Ook nie enige tydelike of permanente tattoeëring van die wenkbroue of oë nie.

**Naels:**

- Naels mag nie verby die vingerpunte steek as jy palm na bo na die hand kyk nie.
- Naels moet ten alle tye netjies en skoon wees.
- Geen naellak of gel mag op die naels wees nie.
- Geen versierings mag op die naels aangebring word nie.
- Leerders moet toestemming verkry by die Leierspan om naels te laat doen vir 'n spesiale funksie soos byvoorbeeld die Matriekafskeid. Die naels moet vier dae na afloop van die funksie skoon wees.

**Roklengte:**

- Die rok se soom mag nie meer as 'n handbreedte bokant die knie wees nie.
- As 'n dogter kniel, moet soom nie hoër as 10cm van die grond af wees nie.
- Dogters mag SLEGS donkerblou broekies of spanbroekies ("hot pants") onder hul rokke en of ander rompe dra.

**Lapelwapens:**

- Slegs wapens wat deur die skool toegeken word, mag gedra word.

**Sokkies:**

- SLEGS wit skoolsokkies of die "Bullesokkies" mag gedra word.
- GEEN strepe, handelsname of ander kleur merke mag op die sokkies wees nie.
- Die sokkies MOET een maal omgeslaan wees. Die sokkielengte is dan ongeveer 4cm bo-kant die enkelknop.
- GEEN sportsokkies, enkelsokkies of geheime sokkies ("secret socks").

**Truie:**

- Truie mag nie sonder die skoolbaadjie gedra word nie.
- Truie mag nie om die skouers of heupe gedra word nie.
- Truie is korrek (deur beide arms) aangetrek of gebêre in jou skooltas.
- Truie mag nie verder as die polsgewrig hang nie. Dus nie oor die hande getrek nie.

# 12. Huishoudelike Reëls (vervolg)

## 12.2. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

12.2.1.

Leerders moet die skool tydens vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. Leerders wat laat kom, moet eers by die kantoor aanmeld. 'n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof, of die skoolhoof se gemagtigde, uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In geval van afwesigheid moet ouers die skool telefonies, per brief of per mediese sertifikaat in kennis stel.

12.2.2.

Terwyl 'n leerder onder die skool se toesig is, mag hy/sy nie 'n opvoeder, werker of leerder se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie, en mag hy/sy nie wapens, speelgoed of enigiets wat liggaamlike beserings kan veroorsaak, in besit hê nie.

12.2.3.

Geen leerder mag 'n ander leerder die reg van onderrig ontneem nie.

12.2.4.

Ontwrigting van klasse op enige wyse is ontoelaatbaar.

12.2.5.

Onwelvoeglike taalgebruik, oneerlikheid, leuentaal en valse verklarings is ontoelaatbaar.

12.2.6.

Rook deur leerders word nie toegelaat nie.

12.2.7.

Leerders mag nie dwelmmiddels of alkoholiese drank of aanstootlike leesstof of materiaal in sy besit hê, gebruik, onder die invloed wees of aan ander gee nie. Hy mag ook nie op die internet ingaan om aanstootlike materiaal te besigtig of uit te druk nie.

12.2.8.

Skooleiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom van iemand anders is, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie.

12.2.9.

Niemand mag by die fietsloods met fietse peuter nie.

12.2.10.

Elke leerder is mede-verantwoordelik om kleedkamers, stoepe en die terrein netjies en skoon te hou.

# 12. Huishoudelike Reëls (vervolg)

## 12.2. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS (VERVOLG)

12.2.11.

Geen intimidasie, van watter aard ook al, van ander leerders mag plaasvind nie.

12.2.12.

Geen vergaderings/samekomste mag sonder die skoolhoof se toestemming op die skoolterrein gereël word nie.

12.2.13.

Verspreiding en ontvang van pamflette op die skoolterrein, sonder die skoolhoof se verlof, is verbode.

12.2.14.

'n Leerder, wat met die skool geassosieer kan word, wat op enige plek of tydstip die skool se naam in diskrediet bring, kan tot verantwoording geroep word.

12.2.15.

Geen leerder mag minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of die skool se kodes openbaar nie.

12.2.16.

Van elke leerder word daar verwag om hom/haar te onderwerp aan die gesag oor hom/haar aangestel.

12.2.17.

Die interne ordereëlings van die skool, soos van tyd tot tyd deur die skoolhoof of sy gevolmagtigde bepaal, moet ten alle tye gehoorsaam word.

12.2.18.

Die skool het 'n gedragskode vir leerders waaraan leerders moet voldoen. Oortreding daarvan kan lei tot dissiplinêre optrede. L.W Die volle inhoud van die gedragskode is nie noodwendig in die prospektus vervat nie.

# 13. Skooldrag

## 13.1. VOORSIENING

Skoolklere is te koop by:

- Die Bulstoor (Geboutjie tussen skool en tennisbane)
- Aanlyn toepassing vir aankoop van skoolklere beskikbaar: www.myschoolstore.co.za
- Sien tye en kontaknommers op bladsy 15

## 13.2. SKOOLDRAG VIR DOGTERS

### Laerskooldogter (Gr. 1 – 7)

**Kleredrag vir beide Somers- en Winterkwartale:**

- Navy en Maroen Gholfhemp en navy skort (met skool se naam op).
- Ook toelaatbaat indien nie nuwe voorraad besit: Navy gholfhemp met geel "piping" OF navy en maroen sporthempie (dogters mouloos) en navy skort.
- Kort wit sokkies (omgevou) of "Bulsokkies" en wit tekkies is opsioneel gedurende die somer, maar verpligtend gedurende die winter.
- Navy skoolsweetpak en/of navy voorgeskrewe warmbaadjie.
- Donkerblou skooltrui/moulose oortrektrui met skoolkleure mag nie sonder die baadjie gedra word nie.
- Voorgeskrewe reënbaadjie.

### Hoërskooldogter (Gr. 8 – 12)

| Somerkwartale | Winterkwartale |
|---|---|
| • Voorgeskrewe somerskoolrok<br>• Kort wit sokkies omgevou OF Bulsokkies<br>• Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet<br>• Veters moet korrek gestrik wees/bandjie moet vas wees<br>• Voorgeskrewe skoolbaadjie<br>• Donkerblou skooltrui/moulose oortrektrui met skoolkleure mag nie sonder die baadjie gedra word nie | • Voorgeskrewe somerskoolrok met swart sykouse<br>• Voorgeskrewe skoolbaadjie (daagliks)<br>• Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet<br><br>**OF**<br><br>• Donkerblou langbroek, langmou wit hemp en skooldas<br>• Voorgeskrewe skoolbaadjie (daagliks)<br>• Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet<br><br>**Opsioneel:**<br>• Donkerbloutrui/moulose oortrektrui met skoolkleure (Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie)<br>• Gr. 12 Maroen oortrektrui (Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie)<br>• Donkerblou skoolserp (Geen serp tydens saalbyeenkoms nie) |

# 13. Skooldrag (vervolg)

### 13.3. SKOOLDRAG VIR SEUNS

**Laerskoolseun (Gr. 1 – 7)**

**Kleredrag vir beide Somers- en Winterkwartale:**

- Navy en Maroen Gholfhemp (nuwe hempie) en navy kort broek met skool se naam op.
- Ook toelaatbaat indien nie nuwe voorraad besit: Navy gholfhemp met geel "piping" OF of navy en maroen sporthempie.
- Kort wit sokkies (omgevou) of "Bulsokkies" en wit tekkies is opsioneel gedurende die somer, maar verpligtend gedurende die winter.
- Navy skoolsweetpak en/of navy voorgeskrewe warmbaadjie.
- Donkerblou skooltrui/moulose oortrektrui met skoolkleure mag nie sonder die baadjie gedra word nie.
- Voorgeskrewe reënbaadjie.

**Hoërskoolseun (Gr. 8 – 12)**

| Somerkwartale | Winterkwartale |
|---|---|
| • Grys kort- of langbroek<br>• Wit skoolhemp<br>• Grys sokkies met skoolkleure/strepe<br>• Swart skoolskoene met veters (Veters moet korrek gestrik wees)<br>• Voorgeskrewe skoolbaadjie<br>• Donkerblou skooltrui/moulose oortrektrui met skoolkleure mag nie sonder die baadjie gedra word nie | • Grys kort- of langbroek<br>• Wit skoolhemp<br>• Voorgeskrewe skooldas (daagliks)<br>• Voorgeskrewe skoolbaadjie (daagliks)<br>• Swart skoolskoene met veters (Veters moet korrek gestrik wees)<br><br>**Opsioneel:**<br><br>• Donkerbloutrui/moulose oortrektrui met skoolkleure (Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie)<br>• Gr. 12 Maroen oortrektrui (Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie)<br>• Donkerblou skoolserp (Geen serp tydens saalbyeenkoms nie) |

# 13. Skooldrag (vervolg)

### 13.4. SPORTDRAG

**NB: Die NUWE navy en maroen "sublimated" gholfhemp kan gedra word, MAAR ouer hemde is toelaatbaar indien leerder nog nie in besit is van die nuwe gholfhemp nie.**

| Sport | Graad 1 - 3 | Graad 4 - 12 |
|---|---|---|
| **Atletiek** | **Dogters:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" of navy en maroen sporthemp en navy skort / navy gladde oefenbroekie (nie spanbroek nie)<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak<br><br>**Seuns:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" of navy en maroen sporthemp en navy kortbroek met skool se naam op<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | Plaaslike atletiekbyeenkomste:<br><br>**Dogters:**<br>Maroen netbalhemp met skort/donkerblou kortbroek of hardloopbroek<br><br>**Seuns:**<br>Navy en maroen gholfhemp met skoolwapen en navy kortbroek met skool se naam op/donkerblou kortbroek of hardloopbroek<br>Navy skoolsweetpak<br>**OF**<br>Spesiale atletiekfrokkie en skoolspanbroekie vir leerders wat gekies word om skool te verteenwoordig<br>Navy skoolsweetpak |
| **Tennis** | **Dogters:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" of navy en maroen sporthemp en navy skort<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak<br><br>**Seuns:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" of navy en maroen sporthemp en navy kortbroek met skool se naam op<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | **Dogters:**<br>Netbalhempie<br>Skort/netbalrompie<br>Navy skoolsweetpak<br><br>**Seuns:**<br>Navy en maroen sporthemp met skoolwapen.<br>Navy kortbroek met skool se naam op/ donkerblou kortbroek<br>Navy skoolsweetpak<br>Eerste spanne dra geborgde wit hemde vir wedstryde |
| **Krieket** | Navy gholfhemp met geel "piping" of navy en maroen sport hemp en navy kortbroek met skool se naam op<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | **Tot en met O/13:**<br>Navy & maroen sporthemp met skoolwapen<br>Navy kortbroek met met skool se naam op<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies met tekkies/krieketskoene<br>Skoolsweetpak<br><br>**(O/14 – O/19)**<br>Navy & maroen sporthemp met skoolwapen<br>Navy kortbroek met skool se naam op/ donkerblou kortbroek<br>Rugbykouse met tekkies/ krieketskoene<br>Voorgeskrewe skoolbaadjie<br><br>**Naweekliga:**<br>Voorgeskrewe wit langmouhemp of navy & maroen sporthemp<br>Wit langbroek<br>Voorgeskrewe skoolbaadjie |

# 13. Skooldrag (vervolg)

## 13.4. SPORTDRAG

**NB: Die NUWE navy en maroen "sublimated" gholfhemp kan gedra word, MAAR ouer hemde is toelaatbaar indien leerder nog nie in besit is van die nuwe gholfhemp nie.**

| Sport | Graad 1 - 3 | Graad 4 - 12 |
|---|---|---|
| **Swem** | **Dogters:**<br>Swart/donkerblou eenstuk swembroek<br>Swempet (verpligtend vir dogters)<br><br>**Seuns:**<br>Swart/donkerblou swembroek<br><br>**Buite swembad:**<br>**Dogters:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" en navy kortbroek met skool se naam op<br>Navy skoolsweetpak<br>**Seuns:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" en navy kortbroek met skool se naam op<br>Navy skoolsweetpak | **Dogters:**<br>Swart/donkerblou eenstuk swembroek<br>Swempet (verpligtend vir dogters)<br><br>**Seuns:**<br>Swart/donkerblou swembroek<br><br>**Buite swembad:**<br>**Dogters:**<br>Netbalhempie en navy kortbroek met skool se naam op<br>Navy skoolsweetpak<br>**Seuns:**<br>Navy en maroen sporthemp met skoolwapen en navy kortbroek met skool se naam op<br>Navy skoolsweetpak |
| **Rugby** | Voorgeskrewe gestreepte trui<br>Donkerblou rugbykortbroek | Voorgeskrewe gestreepte trui<br>Donkerblou rugbykortbroek<br>Voorgeskrewe rugbykouse<br>O/19A – Geborgde trui met wit kortbroek en dra spandrag voor en na wedstryde |
| **Netbal** | Navy gholfhemp met geel "piping" en navy skort<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | Netbalhempie en navy skort/netbalrompie met "Bulletjie hotpants"<br>Kort wit sokkies of Bulsokkies<br>Navy skoolsweetpak of volle wintersdrag – verpligtend voor en na wedstryde<br>Eerste span & O/13A dra voorgeskrewe speeldrag en spandrag voor en na wedstryde |
| **Gholf** | | Navy en maroen gholfhemp met skoolwapen<br>Skoolbaadjie<br>Ligte kleur lang/kort chino (kakiekleur) |
| **Skaak** | Volle skooldrag | Volle skooldrag |

DIE STOOR

Die **BULSTOOR** is Hoërskool Porterville se klerebank. Alle skoolklere en ander items is hier beskikbaar asook aanlyn via die **My School Store** webtuiste (www.myschoolstore.co.za).

Vir meer inligting, kontak
Me. Lindy van Schalkwyk by 082 868 8798 OF
Me. Louise Barber by 072 222 8041

## BULSTOOR TYE:

**Normale skoolure**

Dinsdae & Donderdae 14:00-15:30

**Tydens eksamen (Junie & November)**

Dinsdae & Donderdae 13:00-14:30

My School STORE

# 14. Dissipline

**HSP GEDRAGSKODE & DISSIPLINÊRE STELSEL**

Die gedragskode word elektronies aan ouers gestuur via die WhatsApp-graadgroepe. Dit is ook beskikbaar op ons skool se webtuiste: www.hsporterville.com.

Die skool maak gebruik van 'n aanlyn dissiplinêre stelsel wat gebaseer is op ons gedragskode. Ouers kan toegang verkry tot hul kind se dissiplinêre profiel via ons webtuiste. U benodig u kind se CEMIS-nommer asook sy/haar unieke studentenommer. Skakel gerus die betrokke registeropvoeder om u kind se besonderhede te kry.

Volg hierdie skakel om u kind se dissiplinêre profiel te besigtig:
https://hsp.pdsys.tech/token

OF volg hierdie stappe:

-Besoek HSP se webtuiste by www.hsporterville.com
-Kliek op "DISSIPLINE"
-Kliek op "Skakel vir Ouers & Leerders"
-Voltooi u kind se unieke besonderhede om sy/haar profiel te besigtig

# 15. Geen-Selfoonbeleid

Hoërskool Porterville handhaaf sedert 2021 'n geen-selfoonbeleid. Leerders mag nie hul selfone gedurende skoolure by hulle hê nie. Hierdie beleid is ingestel om 'n positiewe en gefokusde leeromgewing te bevorder.

**Reëlings:**

1. Indien 'n leerder 'n selfoon skool toe bring, moet die toestel **voor skool** begin by die aangewese personeel ingeteken word.
2. Die selfone word vir die duur van die skooldag veilig bewaar, en leerders kan dit **ná skool** weer uitteken.

Indien 'n leerder tydens skoolure met 'n selfoon betrap word, sal die selfoon onmiddellik gekonfiskeer word. Die volgende reëlings geld:

1. Die selfoon word in die kluis toegesluit. Die leerder kan die selfoon aan die einde van die betrokke kwartaal by die skoolhoof uitteken.

**OF**

2. Die selfoon word in die kluis toegesluit. Die leerder kan 'n bedrag van R300,00 by Ontvangs inbetaal om onmiddellik die selfoon uit te teken.

# 16. Ouer Kommunikasie

Hoërskool Porterville gebruik WhatsApp-graadgroepe as die hoofkommunikasieplatform met ons ouers. Alle belangrike kennisgewings en inligting word via hierdie groepe gedeel. Dit is dus van uiterste belang dat u by die toepaslike graadgroep aangesluit is. Let daarop dat graadgroepe jaarliks oorgedra word na die volgende jaar.

Hoërskool Porterville beskik ook oor sosiale mediaplatforms (Facebook en Instagram), wat uitsluitlik vir nuusgewing van leerderprestasies en skoolgebeure gebruik word.

Alle nuwe ouers, asook huidige ouers wat nog nie by 'n WhatsApp-graadgroep gevoeg is nie, word vriendelik versoek om hul besonderhede na die volgende nommer te stuur: **072 801 2062** (HSP WhatsApp).

Wanneer u die boodskap stuur, verskaf asseblief die volgende inligting:

- Ouer: Naam en van
- Leerder: Naam en van
- Graad van leerder